

20 Maart

2 Korintiërs 4:5-12

Ek op my plek

Dit is opvallend hoe dikwels Paulus in hierdie brief van "ek" of van "ons" praat.

Gewoonlik verdink ons iemand wat heelyd die woordjie "ek" gebruik van selfsugtigheid.

Dit is hier nie die geval nie. "Ek" word baie duidelik op sy plek gesit. Dit is maar die plek waar elkeen van ons se eie ek ook maar behoort: as dienaar van ons Here Jesus Christus.

As ek Jesus net bewonder, dan is ek nog nie op my plek nie. Die probleem was reg van die begin af dat Jesus baie bewonderaars gehad het, maar min bedienaars. Vandag het ons dieselfde nood aan werklike dienaars van ons Here Jesus.

As ons sy dienaar is, raak ons nuttig. Hier sê God iets wonderliks. Hy het sy skepping begin met: "Laat daar lig wees". Hy het sy herskepping ook begin met lig uit die duisternis.

Die herskepping begin met Jesus se kruiswoorde: "Dit is volbring". Op daardie selfde oomblik het die Lig in die duisternis begin skyn. Oral waar die stem van God lig uit die duisternis roep, daar word mense ligte. Daar word 'n lig in hulle harte aangesteek wat die wêreld om hulle verlig.

Wanneer is ek op my plek? As ek die heerlijkheid van God uitstraal. Dit kan ek eers begin doen as die wonder in my eie hart begin het: Jesus wat in my binnenste duisternis van sonde sy lig laat skyn het.

Sing: Psalm 40:4

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)